



LOVE GOD GREATLY AFRIKAANS
JOERNAAL

MOEDERSKAP
VOL GENADE

30 Dae
van Bemoediging
vir Ma's

MOEDERSKAP VOL GENADE: 30 DAE VAN BEMOEDIGING VIR MA'S

Kopiereg © 2024 deur Love God Greatly Bediening

Toestemming word verleen om hierdie dokument te druk en te herproduseer vir die doel om die *Moederskap vol Genade: 30 Dae van Bemoediging vir Ma's* aanlyn Bybelstudie te voltooi. Moet asseblief nie hierdie dokument op enige manier verander nie. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in Dallas deur Love God Greatly.

AFRIKAANS



WANNEER VROUE
TOEGERUS IS MET DIE
KENNIS VAN GOD SE
WAARHEID, WORD DIE
WÊRELD VERANDER,
EEN VROU OP 'N SLAG.



INHOUD

| | |
|------------|-------------------------|
| <i>003</i> | WELKOM |
| <i>004</i> | INLIGTING OOR LGG |
| <i>005</i> | ONS MISSIE |
| <i>006</i> | SOAP BYBELSTUDIE METODE |
| <i>009</i> | GETUIENIS |
| <i>010</i> | WÊRELDWYE BEDIENING |
| <i>011</i> | RESEP |
| <i>012</i> | KEN HIERDIE WAARHEDE |
| <i>015</i> | INLEIDING |
| <i>016</i> | LEESPLAN |
| <i>019</i> | DOELWITTE |
| <i>020</i> | WEEK 1 |
| <i>043</i> | WEEK 2 |
| <i>066</i> | WEEK 3 |
| <i>089</i> | WEEK 4 |
| <i>113</i> | WEEK 5 |
| <i>136</i> | WEEK 6 |
| <i>159</i> | SLUIT BY ONS AAN |
| <i>160</i> | VIR JOU |

Vir Jou

IS DAAR
GEBID; DIT IS
GEEN TOEVAL
DAT JY AAN
HIERDIE STUDIE
DEELNEEM NIE.



W E L K O M !

Ons is verheug dat jy besluit het om by ons aan te sluit vir hierdie Bybelstudie! Weet dat daar vir jou gebid is; dit is geen toeval dat jy aan hierdie studie deelneem nie.

Ons gebed vir jou is eenvoudig: dat jy nader aan God sal groei soos jy jouself daaglik in sy Woord verdiep! Voordat jy begin om die aangewese Bybelverse vir die dag te lees, bid en vra God om jou te help om dit te verstaan. Vra Hom om deur sy Woord met jou te praat. Luister dan. Glo dat Hy getrou sal wees om tot jou te spreek. Wees getrou om te luister en te gehoorsaam.

Neem tyd om die verse oor en oor te lees. Die Bybel leer vir ons dat wanneer ons wysheid soek soos ons silwer sou soek, en dit opspoor soos 'n verborge skat, dan sal ons weet hoe om die Here te dien en sal ons ontdek wat dit is om God te ken. (Spr. 2:4-5)

Almal van ons hier by Love God Greatly kan nie wag vir jou om te begin nie, en ons hoop om jou by die wenstreep te sien. Volhard, druk deur; moenie opgee nie! Eindig sterk met dít waarmee jy vandag begin.

Ons sal elke tree van die pad hier wees om jou aan te moedig! Ons is met jou. Kom ons sien wat God vir ons wil openbaar in hierdie studie. Reis saam met ons soos ons leer om God heelhartig met ons lewens lief te hê!

Love God Greatly bestaan om vroue reg oor die wêreld te inspireer, aan te moedig en toe te rus om God heelhartig lief te hê met hulle lewens.

Ons wil vroue **INSPIREER** om God se Woord 'n prioriteit te maak in hulle daaglikse lewens, deur middel van ons Bybelstudie hulpbronne.


Ons wil vroue **AANMOEDIG** in hulle daaglikse lewenswandel met God, deur middel van 'n aanlyn gemeenskap en persoonlike aanspreeklikheid.

Ons wil vroue **TOERUS** om in hulle geloof te groei, sodat hulle effektief ander mense vir Christus kan bereik.

Ons begin met 'n eenvoudige Bybelleesplan, maar dit eindig nie daar nie. Sommige vroue kom bymekaar in hulle huise en plaaslike kerke, terwyl ander aanlyn met vroue reg oor die wêreld inskakel. Watter metode ookal gebruik word, ons vou liefdevol ons arms om mekaar en verenig vir hierdie doel: om God heelhartig met ons lewens lief te hê.

By Love God Greatly sal jy ware, lewensegte vroue vind. Vroue wat minder van mekaar, en baie meer van Jesus begeer. Vroue wat daarna smag om God deur sy Woord te ken, want ons weet dat Waarheid ons hervorm en vrymaak. Vroue wat beter is wanneer hulle saam is, versadig in God se Woord en in 'n gemeenskap met mekaar.

*JY SAL VROUE VIND WAT
ONVOLMAAK EN TOG VERGEWE IS.*



Love God Greatly is 'n 501 (C) (3) nie-winsgewende organisasie. Bevonding vir Love God Greatly kom van donasies en opbrengste van ons aanlyn Bybelstudie joernale en boeke. Ons Engelse joernale en boeke kan op lovegodgreatly.com gekoop word. Ouer studies en joernale vir kinders kan op Amazon gekoop word.

Love God Greatly is toegewyd om kwaliteit Bybelstudiemateriaal te voorsien en glo dat finansies nooit in die pad moet staan van enige vrou om te kan deelneem aan een van ons Bybelstudies nie. Al ons studies kan op lovegodgreatly.com afgelaai word. Bybelstudies in Afrikaans kan afgelaai word by lovegodgreatly.com/Afrikaans. Fisiese boeke kan gekoop word op Amazon.

Een-honderd persent van die opbrengs gaan direk terug in die ondersteuning van Love God Greatly en help ons om vrouens reg oor die wêreld te inspireer, aan te moedig en toe te rus met God se Woord.

Arm-in-arm en hand-in-hand, kom ons doen dit saam.

DIE BEHOEFTE

Biljoene vroue reg oor die wêreld het nie toegang tot God se Woord in hul eie moedertaal nie. Diegene wat wel 'n Bybel in hul eie taal het, het nie altyd Bybelstudiemateriaal wat spesiaal vir vroue ontwikkel is nie.

DIE MISSIE

Love God Greatly bied Bybelstudies in meer as 40 tale aan. Ons rus sendelinge, Christelike organisasies, plaaslike kerke en vroue op 'n ongeëwenaarde wyse toe met God se Woord, deur toe te laat dat ons joernale gratis van ons internasionale webblaaie afgelaai kan word.

Deur die Bybel in hul eie taal te bestudeer met eensgesinde vroue, leer vroue meer oor God se Woord en word hulle daarmee toegerus.

Ons glo dat wanneer vroue God se Woord lees, dit toepas op hul lewens en God se onveranderende liefde vir hulle met ope arms aanneem, is die wêreld 'n beter plek. Ons weet dat een vrou wat God se Woord lees, 'n verandering kan bring in haar familie, haar gemeenskap en haar land... een vrou op 'n slag.

SLUIT BY ONS AAN

Ons wil graag hê dat jy by ons aansluit in ons missie om alle vroue oor die wêreld die geleentheid te bied om toegang te hê tot God se Woord en kwaliteit Bybelstudiehulpbronne! Stuur gerus vir ons 'n e-pos of besoek ons aanlyn indien jy enige vrae het of meer inligting benodig. Ons hoor graag van jou!

INFO@LOVEGODGREATLY.COM

LOVEGODGREATLY.COM


SOAP

Bybelstudiemetode

By Love God Greatly, glo ons dat God se Woord lewend en aktief is. Die woorde van die Skrif is kragtig en effektief en toepaslik vir lewe in alle tye en alle kulture. Om die Bybel korrek te interpreteer moet ons 'n begrip hê van die konteks en die kultuur van die oorspronklike geskrifte.

Ons gebruik die SOAP Bybelstudie metode wanneer ons die Bybel bestudeer. Dit staan vir Scripture, Observation, Application, and Prayer (Skrifgedeelte, Waarneming, Toepassing en Gebed). Dit is een ding om eenvoudig die Skrif te lees. Wanneer jy interaksie het met die Woord, doelbewus jou tyd neem om werklik daarvoor na te dink, begin waarhede vir jou uitstaan. Die SOAP metode maak dit vir jou moontlik om dieper in die Bybel te delf en meer te sien as wanneer jy net die verse lees. Dit help ons om nie net te hoor wat die Woord sê nie, maar om te doen wat die Woord sê (Jak. 1:22).

*OM DIE BYBEL TE LEES IS NIE 'N
VERSPILLING VAN TYD NIE. GOD SE WOORD
IS LEWEND, KRAGTIG EN EFFEKTIEF,
EN HY SPREEK TOT ONS DAARDEUR.*



In hierdie studiegids lees ons 'n Skrifgedeelte en pas dan die SOAP metode toe op spesifieke verse. Hierdie metode help ons om 'n beter begrip van die Bybel te kry, wat ons dan toelaat om dit effektief in ons lewens toe te pas.

Die mees belangrike bestanddele van die SOAP metode is jou interaksie met God se Woord en jou toepassing daarvan in jou lewe. Neem jou tyd om dit nougeset te bestudeer, en om die waarheid van God se karakter en sy hart vir die wêreld te ontdek.

SOAP
Bybelstudiemetode

SOAP
WEEK 1 • MAANDAG

SOAP / Openbaring 12:10, 2 Tessalonisense 3:3
SCRIPTURE / Skryf die Bybelverse vir vandag neer

Openbaring 12:10

Toe het ek 'n stem in die hemel gehoor wat hard uitgeroep het: "hou het ons God die redding gebring, want is sy mag en koninkskap hier, en die gesag van die Gesalfde! Die aanklaer van ons medegelowiges is uit die hemel uit gegooi, hy wat hulle dag en nag voor ons God aangekla het."

2 Tessalonisense 3:3

Die Here is getrou; Hy sal Julle versterk en Julle van die Bose bewaar.

OBSERVATION / Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer

Harde stem, kragtig

Ons word daaglik aangekla - konstante stryd

Die Here sal my help, versterk en bewaar.

Hy is altyd daar.

Hy is konstant, 'n beskermmer in my lewe, bewaarder

S
STAAN VIR
SCRIPTURE
(SKRIFGEDEELTE)

Skryf die SOAP vers neer.

Jy sal verbaas wees oor wat God aan jou sal openbaar wanneer jy rustig tyd neem om dit wat jy lees, neer te skryf!

O
STAAN VIR
OBSERVATION
(WAARNEMING)

Wat sien jy in die verse wat jy lees?

Wie is die gehoor vir wie hierdie geskryf is? Is daar 'n herhaling van woorde?

Watter woorde staan vir jou uit?

A
STAAN VIR
APPLICATION
(TOEPASSING)

*Dit is waar God se
Woord persoonlik word.*

*Wat sê God vandag vir
jou? Hoe kan jy dit wat
jy nou net gelees het,
toepas in jou eie lewe?*

*Watter veranderinge
moet jy maak? Is daar
iets wat jy moet doen?*

APPLICATION / Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer

*Herinner myself dat God se krag sterker is as enige iets
anders.*

*Memoriseer hierdie verse en sê dit hardop elke dag hierdie
week.*

Vra God om my geloof in Hom te versterk.

Vertrou God dat Hy my van die losse sal bewaar.

Bid vir my broers en susters in Christus.

PRAYER / Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het

Oorlees Here,

*Dankie dat U konstant, getrou en liefdevol teenoor my is. Help
my om daaglikse en deur moeilike tye my vertroue en geloof in
U te verdiep.*

Helps my om te weet dat U altyd by my is om my te beskerm.

*Herinner my aan ander se lyding en help my om hulle in
hul groei te bemoedig.*

Ek vra dit allet in Jesus se naam.

Amen.

33

P
STAAN VIR PRAYER (GEBED)

Bid God se Woord terug na Hom.

Spandeer tyd om Hom te dank.

*Indien Hy iets aan jou geopenbaar
het tydens hierdie tyd in sy
Woord, bid daaroor.*

*Indien Hy sonde in jou lewe
geopenbaar het, bely dit.*

En onthou, Hy het jou innig lief.

HOOGTEPUNTE VAN ONS
WÊRELDWYE BEDIENING

GETUIENIS

LGG Luganda Tak

My naam is Sylvia. Ek is 'n ma van twee pragtige dogters, Jessa en Ruth. Ek is ook 'n bedieningsleier by Suubi TeenMOPS Uganda. Ons bied 'n ondersteunende gemeenskap aan tienerma's en hul kinders. Ons leer vir hulle bedryfs- en organiese boederyvaardighede en voorsien ook kos, mediese sorg, besigheidsopleiding en 'n reis van geestelike groei. Ek woon in Oos-Afrika in Uganda, in 'n afgeleë dorpie genaamd Kapeeka. My moedertaal is Luganda, en ek is 'n Luganda-Taal LGG Vertaler. My passie is om elke vrou te leer om te sien hoe waardevol hulle in God se oë is, om hul as leiers te ontwikkel en geleenthede te skep vir hulle om hul werklike waarde as vroue en ma's te besef.

Ek is die jongste van 9 kinders van my ma, maar nie my pa nie. Hy het baie vrouens gehad en was afwesig. Ek is deur 'n enkelma grootgemaak en het gesien hoe hard sy gewerk het om ons te voed en op te voed. Daar is nie baie geleenthede hier vir 'n vrou om te floreer nie, veral nie as sy nie 'n geleerdheid het nie. Met hierdie kennis en ondervinding, het my begeerte om vroue te ondersteun en hul te help om hul potensiaal te verwesenlik gegroei. Deur God se genade, het ek aan 'n kollege gegradeer, en ek dank Hom daarvoor.

In 2020 het ons saam met Suubi vroue byeen begin kom vir Bybelstudie. Ons het die LGG weeklikse Bybelleesplan en die geheueverse wat op Facebook geplaas is, begin gebruik. Ek het die Skrif wat op die LGG-blad geplaas is gaan kry, dit neergeskryf, dit laat vertaal in ons plaaslike taal en dit dan bespreek met die vroue in ons groep. Op daardie tydstip het ek geen idee gehad dat een van die missies van LGG is om deur taalgrense te breek sodat vroue God se Woord in hul moedertaal kan ken nie. Vroue wat nie geweet het hoe om dieper in God se Woord te delf nie, leer nou. Ons dank God vir die LGG-bediening.

*VROUE WAT NIE GEWEET HET HOE OM DIEPER IN
GOD SE WOORD TE DELF NIE, LEER NOU.*

In Maart 2023, by die MOPS Griekeland konferensie, het ek Viola en Angela ontmoet. Dit was 'n droom wat bewaarheid is om hulle in lewende lywe te sien! Ek was so aangemoedig om die rol van 'n LGG Luganda-vertaler vir die Uganda-tak aan te neem. Ek kon nie wag om weer terug by die huis te kom en my span en plaaslike predikant te vertel hoe belangrik dit is om joernale en Christelike studies in ons plaaslike taal te laat vertaal nie. Binnkort gaan ons Luganda Joernaal gereed wees. Hoera!

Sylvia
LGG Luganda Tak

HOOGTEPUNTE VAN ONSE
WÊRELDWYSE BEDIENING

WÊRELDWYSE BEDIENING

LGG Luganda Tak

KEN JY IEMAND VIR WIE ONSE LOVE GOD GREATLY
BYBELSTUDIES NUTTIG SOU WEES?

Indien wel, vertel hulle gerus van die wonderlike Bybelstudiebronne
wat ons verskaf om hulle met God se Woord te help toerus!

OM MET HIERDIE TAK IN VERBINDING TE TREE:

ask@lovegodgreatly.com

HOE KAN JY VIR HIERDIE TAK BID?

'n Diepe honger vir God en sy Woord in die Ugandese Kerk
Voorsiening vir diegene wat 'n gebrek aan kos het
Groter bewustheid van die LGG Luganda Tak en die
Luganda-vertaalde materiaal in plaaslike kerke

SAL JY GRAAG WIL HELP?

ask@lovegodgreatly.com

HOOGTEPUNTE VAN ONS
WÊRELDWYE BEDIENING

RESEP

LGG Luganda Tak

Ugandese Rolex

‘N KLASSIEKE UGANDESE STRAATKOS

BESTANDELE

4 EIERS

geklits

¼ KOP WIT KOOL

fyn gesnipper

2 EETLEPELS KOOKOLIE

1 ROMA-TAMATIE

sade verwyder en in repies gesny

1 ROOI UI

dun gesny

1 BOS VARS KORIANDER

gekap

2 CHAPATIS

(Indiese platbrood, soos Naan)

SOUT EN VARGEMAALDE SWART PAPIER

MANGO BLATJANG

na smaak

MAYONNAISE

na smaak

INSTRUKSIES

Plaas die eiers in ‘n bak en geur met sout en peper. Voeg die kool by.

Verhit die olie in ‘n braaipan en gooi die helfte van die eiermengsel in. Voeg die helfte van die tamaties, uie en koriander by. Kook tot net gestol, draai dan om en kook tot die eiermengsel en groente gaar is. Bedek met die chapati en laat die stoom en hitte intrek.

Lig beide die eiermengsel en die chapati versigtig op, draai om op ‘n bord en rol op, sodra dit genoeg afgekoel is om te hanteer.

Herhaal met die oorblywende eier, groente en chapati.

Meng intussen die mango-blatjang en mayonnaise in ‘n klein bakkie saam en sit saam met die rolex voor as ‘n doopsous.



KEN HIERDIE WAARHEDE

GOD HET JOU LIEF

God se Woord sê, “God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê” (Joh. 3:16).

ONS SONDE SKEI ONS VAN GOD

Ons is almal van nature en deur keuses sondaars, en as gevolg van dit is ons geskei van God, wat heilig is. God se Woord sê, “Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie” (Rom. 3:23).

JESUS HET GESTERF SODAT JY LEWE KAN HÊ

Die gevolg van sonde is die dood, maar God se gratis geskenk van verlossing is aan ons beskikbaar. Jesus het die straf vir ons sonde gedra toe Hy aan die kruis gesterf het.

God se Woord sê, “Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus” (Rom. 6:23); “Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was” (Rom. 5:8).

JESUS LEEF!

Die dood kon Hom nie vashou nie, en drie dae nadat Sy liggaam in die graf geplaas is, het Hy opgestaan, en sonde en die dood vir ewig oorwin! Hy leef vandag in die hemel en is besig om ‘n plek in die ewigheid voor te berei vir almal wat in Hom glo.

Jesus sê, “In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. En as ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is” (Joh. 14:2-3).

WEET DAT JY VERGEWE KAN WORD

Om Jesus as jou Verlosser te aanvaar gaan nie oor wat jy kan doen nie, maar eerder om geloof te hê in wat Jesus alreeds gedoen het. Dit verg dat jy herken dat jy 'n sondaar is, dat jy glo dat Jesus vir jou sondes gesterf het, en dat jy vergifnis vra, deur jou volle vertroue te plaas in Jesus se werk aan die kruis om jou onthalwe.

God se Woord sê, "As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Met die hart glo ons, en word ons vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered" (Rom. 10:9-10).

NEEM JESUS SE GRATIS GESKENK VAN VERLOSSING AAN

Hoe lyk dit prakties? Met 'n opregte hart kan jy 'n eenvoudige gebed soos hierdie bid:

Jesus,

Ek weet dat ek 'n sondaar is. Ek wil nie nog 'n dag leef sonder om u liefde en vergifnis met ope arms aan te neem nie. Ek vra vir u vergifnis. Ek glo dat U vir my sondes gesterf het en uit die dood opgestaan het. Ek gee alles wat ek is oor, en vra U om die Here van my lewe te wees. Help my om weg te draai van my sonde en U te volg. Leer my om te weet wat dit beteken om in vryheid te wandel soos ek onder u genade leef, en help my om te groei in u weë, soos ek daarna streef om U beter te ken.

Amen.

SKAKEL IN EN GROEI

As jy nou net hierdie gebed gebid het (of iets soortgelyks in jou eie woorde), sal ons graag met jou wil kontak maak.

Jy kan vir ons 'n e-pos stuur by info@lovegodgreatly.com. Ons wil dit graag saam met jou vier, saam met jou bid en jou help om met 'n plaaslike kerk in aanraking te kom. Ons is hier om jou aan te moedig soos jy jou nuwe lewe as 'n kind van God begin.

*Kom Ons
Begin*

MOEDERSKAP VOL GENADE

30 Dae van Bemoediging vir Ma's



Inleiding

Liewe vriendin, jy maak saak! Terwyl ek op die punt staan om my oudste van drie dogters Universiteit toe te stuur, ween ek as ek terug kyk oor die jare en hoe vinnig hierdie nuwe seisoen van moederskap aangebreek het. Wanneer ek terugkyk oor my moederskapsreis, wil ek jou graag aanmoedig om die dae wat jy saam met jou kinders gegun word, te koester. Ek weet in die vroeë jare lyk sommige dae lank, maar ons moet onthou dat hierdie seisoen van moederskap van korte duur is. En, soos myne, sal jou kinders ook groot wees voor jy jou oë uitvee.

My hart agter hierdie studie is om jou aan te moedig in jou roeping van moederskap. Hoe jy die harte van jou kinders liefhet, koester en kweek maak saak. As ek terugdink, het ek 'n beter perspektief van wat werklik saak maak – en wat regtig nie. Ek was, en is steeds, 'n onvolmaakte ma. Ek het my bes probeer, maar ek het ook baie keer misluk. Dit is in daardie moeilike dae wat ek geleer het om op Jesus te steun. Daardie mislukkings het my die geleentheid gegee om om vergifnis te vra, myself te verootmoedig, God se genade te ontvang en vir my kinders te wys hoe dit lyk om Jesus te volg – onvolmaak maar getrou. Hulle het eerstehands aanskou en ervaar hoe genade lyk en voel. Ons is almal gebrekkig en gebroke maar tog volmaak liefgehe deur God. Ons het almal elke oggend God se genade opnuut nodig.

Liewe vriendin, ek weet die reis van moederskap is nie maklik nie, maar dit beteken nie dat dit nie goed is nie. Hoe jy jou lewe in jou kinders en die volgende generasie belê maak saak. Jou jare van opoffering skep rippeleffekte vir toekomstige geslagte wat 'n diepgaande impak op hulle sal hê in die komende jare. Moederskap is 'n wonderlike roeping gevul met hoogtes en laagtes en alles tussenin. In die begin ervaar jy ontelbare slapelose nagte. Later, soos jou kinders na volwassenheid groei, hulle vlerke sprei en die huis verlaat, sal jy verskillende soorte slapelose nagte hê wanneer jy wonder of jy hulle goed genoeg voorberei het op die lewe.

Ek wens ek was nou van aangesig tot aangesig met jou. Ek wil jou graag omhels, jou reguit in die oë kyk en vir jou sê dat JY die perfekte mamma vir jou kinders is. God het nie 'n fout gemaak nie. Jy is net die ma wat jou kinders nodig het om hulle voor te berei vir God se roeping op hulle lewens. Steun dus op Jesus op jou goeie en slegte dae. Skuif die druk en gewig van voel dat jy 'n perfekte ma moet wees van jousef af en na Jesus toe. Jy is nie bedoel om daardie las te dra nie, liewe vriendin.

Dae wanneer jou geduld opraak en jou kragte gedreïn voel, draai na Jesus. Op die dae wanneer jy bevraagteken of jy dit reg doen of wonder of jy jou kinders se lewens opmors, draai na Jesus. En op die dae wanneer die skottelgoed aanhou ophoop, die wasgoed oorloop, en die eise onversetlik is, draai na Jesus.

Ons word geleenthede gegun om na die beeld van Christus gevorm te word en sy karakter aan diegene rondom ons te weerspieël in ons moederskapstryd. In die gawe van moederskap het ons die ongelooflike voorreg om ons kinders te vorm, te koester en lief te hê op 'n manier wat die hart van God weerspieël.

So liewe vriendin, vergesel my hierdie volgende ses weke terwyl ons rond delf in 'n lewe van genade, oorgawe en liefde. Ons sal die skoonheid van 'n evangeliegesentreerde huis ontdek en die vreugde daarvan om kinders groot te maak wat in God se Woord gewortel is, terwyl ons hulle harte kweek om God heelhartig lief te hê met hulle lewens.

Merk
dit af

LEESPLAN

WEEK 1 / GODDELIKE ROEPING VAN MOEDERSKAP

- *Maandag / God se Ontwerp*
Lees: Genesis 1:26-28
SOAP: Genesis 1:28
- *Dinsdag / Ons Identiteit is In Christus*
Lees: 1 Petrus 2:4-12
SOAP: 1 Petrus 2:9
- *Woensdag / Bly in Christus - 'n Moeder in God se Woord*
Lees: Johannes 15:1-17; Psalm 119:105
SOAP: Johannes 15:4-5
- *Donderdag / Ons Hoogste Roeping - Verheerlik God deur ons Lewens*
Lees: Kolossense 3:12-17
SOAP: Kolossense 3:16-17
- *Vrydag / 'n Moeder wat Bid*
Lees: Efesiërs 1:15-23
SOAP: Efesiërs 1:17-19

WEEK 2 / GOD

- *Maandag / Vertrou God*
Lees: Spreuke 3:1-12
SOAP: Spreuke 3:5-6
- *Dinsdag / Wees Lief vir God*
Lees: 1 Johannes 4:20-5:4
SOAP: 1 Johannes 5:3
- *Woensdag / Om God te Dien*
Lees: 1 Petrus 4:7-11; Markus 10:45
SOAP: 1 Petrus 4:11
- *Donderdag / Om God te Eer*
Lees: 1 Korintiërs 10:23-11:1
SOAP: 1 Korintiërs 10:31
- *Vrydag / Vennootskap met God*
Lees: Efesiërs 2:4-10
SOAP: Efesiërs 2:10

WEEK 3 / KINDERS

- *Maandag / Liefdevolle Hande*
Lees: Matteus 19:13-15
SOAP: Matteus 19:13-14
- *Dinsdag / Liefdevolle Woorde*
Lees: Efesiërs 4:29-32; Spreuke 18:21; 10:19
SOAP: Efesiërs 4:29
- *Woensdag / Liefdevolle Vrygewigheid*
Lees: 2 Korintiërs 9:1-15
SOAP: 2 Korintiërs 9:11-12
- *Donderdag / Liefdevolle vertroosting*
Lees: Jesaja 66:13
SOAP: Jesaja 66:13
- *Vrydag / Liefdevolle Visie - Help Hulle om God in Hul Lewens te sien*
Lees: Filippense 2:12-18
SOAP: Filippense 2:13

WEEK 4 / TUIS

- *Maandag / Koester Hulle*
Lees: Spreuke 31
SOAP: Spreuke 31:25-27
- *Dinsdag / Beskerm Hulle*
Lees: Psalms 5:8-13
SOAP: Psalms 5:12-13
- *Woensdag / Leer Hulle*
Lees: 2 Timoteus 3:14-15; Psalms 78:4; Spreuke 3:1-2; Deuteronomium 6:6-7
SOAP: Deuteronomium 6:6-7
- *Donderdag / Vertrous Hulle*
Lees: 2 Korintiërs 1:3-7
SOAP: 2 Korintiërs 1:3-4
- *Vrydag / Moedig Hulle Aan*
Lees: 1 Tessalonisense 5:11; Spreuke 12:25; Hebreërs 10:19-25
SOAP: Hebreërs 10:24-25

WEEK 5 / GEFOKUS OP DIE EVANGELIE

- *Maandag / Individueel, Verenig*
Lees: Romeine 12:3-8
SOAP: Romeine 12:4-5
- *Dinsdag / Bediening Saam met Hulle*
Lees: Matteus 9:35-10:15
SOAP: Matteus 9:36-38
- *Woensdag / Gevorm soos Jesus*
Lees: Matteus 9:9-13; 4:18-22
SOAP: Matteus 4:19-20
- *Donderdag / Stuur Hulle Uit in die Wêreld*
Lees: Matteus 28:16-20
SOAP: Matteus 28:18-20
- *Vrydag / 'n Evangelie-gesentreerde Huis*
Lees: Efesiërs 2:1-10
SOAP: Efesiërs 2:8-9

WEEK 6 / NALATENSKAP

- *Maandag / Leef 'n Lewe van Genade*
Lees: Hebreërs 4:14-16
SOAP: Hebreërs 4:15-16
- *Dinsdag / Leef 'n Lewe van Oorgawe*
Lees: Lukas 1:38; 9:23-24; Matteus 6:10
SOAP: Matteus 6:10
- *Woensdag / Leef 'n Lewe van Krag*
Lees: 2 Petrus 1:3-11
SOAP: 2 Petrus 1:3
- *Donderdag / Leef 'n Lewe van Hoop*
Lees: Romeine 15:13
SOAP: Romeine 15:13
- *Vrydag / Leef 'n Lewe van Liefde*
Lees: Matteus 22:34-40; Kolossense 3:12-14
SOAP: Matteus 22:37

JOU DOELWITTE

Skryf drie doelwitte neer waarop jy graag wil fokus elke dag wanneer jy God se Woord bestudeer. Maak seker dat jy gedurende die volgende paar weke terugverwys na hierdie doelwitte om jou te help om gefokus te bly. Jy kan dit doen!

EEN

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

TWEE

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

DRIE

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

Julle, daarenteen, is
'n uitverkore volk, 'n
koninklike priesterdom,
'n nasie wat vir God
afgesonder is, die
eiendomsvolk van
God, die volk wat
die verlossingsdade
moet verkondig van
Hom wat julle uit die
duisternis geroep het
na sy wonderbare lig.

1 Petrus 2:9

BID

Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

WEEKLIKSE UITDAGINGS

Neem hierdie week elke dag tyd om na te dink oor een aspek van God se plan vir jou lewe en gesin. Skryf neer hoe jy sy plan in jou alledaagse oomblikke sien ontvou. Deel aan die einde van die week een van hierdie refleksies met 'n vriend of 'n familielid om hulle aan te moedig in hul eie reis.

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

LEES

Week 1 • Maandag

Genesis 1:26-28

Toe het God gesê: “Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers oor die vis in die see, die voëls in die lug, die mak diere, die wilde diere en al die diere wat op die aarde kruip.”

27 God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep.

28 Toe het God hulle geseën en vir hulle gesê: “Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit. Heers oor die vis in die see, oor die voëls in die lug, oor al die diere van die aarde, ook oor die diere wat op die aarde kruip.”

S O A P

Week 1 • Maandag

SOAP / *Genesis 1:28*

SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

APPLICATION / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

PRAYER / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

DAGSTUKKIE

Week 1 • Maandag

SOAP

Genesis 1:28

Toe het God hulle geseën en vir hulle gesê: “Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit.”

OORDENKING

Liewe vriendin, JY is deel van God se ongelooflike ontwerp. ‘n Ontwerp wat ons oproep om ons kinders lief te hê, te beskerm en te lei, wat hulle help om ‘n hart te kweek wat Hom liefhet.

Ons reis as ma’s is meer as net ‘n rol; dit is ‘n sending wat deur God aan ons toevertrou is. Terwyl ons hierdie roeping met genade en liefde uitleef, weerspieël ons God se liefde en sy ontwerp vir moederskap aan die volgende geslag. Ons lewens word ‘n bewys van die genade en seëninge wat voortvloei uit ‘n lewe volgens God se wil.

Ek weet dis moeilik om kinders in vandag se wêreld groot te maak, so hou styf vas aan hierdie waarheid. Dink aan jouself as die tuinier van jou kinders se harte. Jy maak nie net kinders groot nie. Jy koester siele, vorm karakters en laat ‘n nalatenskap na wat tot in die ewigheid eggo. Jy plant saadjies van liefde, geloof en wysheid in die tuin van hulle harte. Terwyl jy die sagte grond van jou kinders se harte liefhet, koester, dissiplineer en bewerk, neem jy deel aan God se grootse ontwerp en gehoorsaam jy sy opdrag: “Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit.” (Gen 1:28).

Liewe vriendin, moet nooit vergeet dat jy belangrik is nie. Wat jy doen maak saak vandag en vir ewig.

Aanvaar hierdie roeping met jou hele hart. Laat die liefde van God deur jou vloeï terwyl jy jou kinders deur die jare lei. Ek weet die dae is lank, maar die jare is so kort. Jou invloed in jou kinders se lewens is deurslaggewend. Jy leer hulle van God se liefde en genade en help hulle om ook te sien dat God planne vir hulle lewens het. Voordat jy dit weet, sal die tyd aanbreek om hulle uit te stuur in die wêreld, gewapen met die liefde en wysheid van God wat jy deur jou lewenswyse in hulle karakter vasgelê het.

Jy is in beheer, lieue vriendin! Hoe weet ek dit? Want ek weet dat God jou in sy hande hou. Leun op Hom op jou goeie en slegte dae. Moenie na die leuens van ons vyand luister nie. Om perfek te wees is nie die doel nie. Om kinders groot te maak wat ‘n liefde vir God het, is.

GEBED

Liewe Heer, dankie vir hierdie ongelooflike voorreg om die volgende geslag te help grootmaak om U te ken, lief te hê en te dien.

VRAAG

Hoe kan jy die sagte grond van jou kinders se harte bewerk en koester om hulle te help groei in hulle liefde en begrip vir God se ontwerp en doel vir hulle lewens?

LEES

Week 1 • Dinsdag

1 Petrus 2:4-12

Kom na Hom toe, die lewende steen, wat deur die mense afgekeur is, maar deur God vir die ereplek uitverkies is. 5 Laat julle as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis, om 'n heilige priesterdom te wees en geestelike offers te bring wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is. 6 Daarom staan daar in die Skrif:

“Kyk, Ek lê in Sion 'n hoekklip, uitverkies vir die ereplek.
Wie in Hom glo, word nooit teleurgestel nie.”

7 Julle wat glo, deel in hierdie eer, maar vir dié wat nie glo nie, geld die woorde:

“Die klip wat deur die bouers afgekeur is,
juis hy het die belangrikste klip in die gebou geword”

8 en:

“'n klip waaroor 'n mens struikel en 'n rots waarteen jy jou stamp.”

Hulle struikel omdat hulle nie aan die woord gehoorsaam is nie. So het God dit ook vir hulle bestem.

9 Julle, daarenteen, is 'n uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig. 10 Julle was vroeër geen volk nie, maar nou is julle die volk van God. Julle het tóé geen barmhartigheid ontvang nie, maar nou het God aan julle barmhartigheid bewys.

11 Geliefdes, in die wêreld is julle vreemdelinge en bywoners. Daarom dring ek by julle daarop aan om nie aan sinlike begeertes toe te gee nie. Dit verwoes net 'n mens se lewe. 12 Gedra julle altyd goed onder die heidene sodat, al praat hulle kwaad van julle asof julle misdadigers is, hulle julle voorbeeldige lewe kan sien en God kan verheerlik op die dag van afrekening.

S O A P
Week 1 • Dinsdag

SOAP / 1 Petrus 2:9

SCRIPTURE / Skryf die Bybelverse vir vandag neer

OBSERVATION / Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer

APPLICATION / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

PRAYER / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

DAGSTUKKIE

Week 1 • Dinsdag

SOAP

1 Petrus 2:9

Julle, daarenteen, is 'n uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig.

OORDENKING

Liewe vriendin, ek weet dat dit in die harwar van moederskap maklik is om te vergeet wie ons werklik is. Ons elkeen het baie rolle: chauffeur, sjef, bemoediger, verpleegster, bemiddelaar... die lys gaan aan. Maar jou mees diepgaande identiteit lê nie in hierdie daaglikse take nie, maar in aan wie jy behoort.

Moet nooit vergeet dat jy deur die Koning van alle konings gekies en afgesonder is vir 'n lewe van doelgerigtheid nie. In die warrelwind van doeke en spertye, huiswerk en hartsgesprekke, weet dat jy 'n dogter van die Allerhoogste is. Jou waarde is nie gekoppel aan die prestasie van jou ouerskap nie, maar is verseker in Christus. Jy is geliefd en met die hand uitgesoek deur God.

As 'n koninklike priesterdom is jou huis jou belangrikste bediening, en jou moederskap is 'n hoë roeping. Met elke verhaal wat gelees word, elke geskraapte knie wat gesoen word en elke gebed wat in die nag gebid word, skyn die liefde van Jesus deur jou. Jy is kosbaar in sy oë, van onskatbare waarde en diep geliefd. Jy is gekies vir hierdie ongelooflike taak.

Onthou, die nalatenskap wat jy bou is nie net in die dinge wat jy vir jou kinders doen nie; dis in die gefluisterde deklarasies wat hulle daaraan herinner dat hulle aan Hom behoort. Omhels hierdie edele roeping. Sy lig skyn deur jou en verlig die pad vir die volgende geslag.

Jy word uitgenooi om by God aan te sluit vir hierdie verlossende missie, om siele te help vorm en harte in lyn met sy liefde te bring. Jou identiteit is stewig gewortel, nie in die vlietende oomblikke nie, maar in die ewige omhelsing van ons Verlosser.

Jy is nie net 'n ma nie. Jy is 'n draer van sy lig, 'n baken van sy liefde vir jou gesin en verder. Wees vasberade, liewe vriendin. Wandel in nederigheid en in die waarheid van wie jy is — Syne.

GEBED

Liewe Heer, herinner my asseblief daagliks daaraan dat my ware identiteit in U gevind word. Help my om my rol as moeder te beklee met die genade en krag wat my deel is as u uitverkore dogter. Mag my kinders u liefde deur my lewe ervaar.

VRAAG

Hoe kan die aanvaarding van jou identiteit in Christus vandag die manier waarop jy moederskap benader verander?

LEES

Week 1 • Woensdag

Johannes 15:1-17

“Ek is die ware wingerdstok en my Vader is die boer. 2 Elke loot aan My wat nie vrugte dra nie, sny Hy af; maar elkeen wat vrugte dra, snoei Hy reg, sodat dit nog meer vrugte kan dra. 3 Julle is alreeds reg gesnoei deur die woorde wat Ek vir julle gesê het. 4 Julle moet in My bly en Ek in julle. ‘n Loot kan nie uit sy eie vrugte dra as hy nie aan die wingerdstok bly nie; en so julle ook nie as julle nie in My bly nie.

5 “Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie. 6 As iemand nie in My bly nie, word hy weggegooi soos ‘n loot en hy verdroog. Die mense maak sulke lote bymekaar en gooi dit in die vuur, en dit verbrand. 7 As julle in My bly en my woorde in julle, vra dan net wat julle wil hê, en julle sal dit kry. 8 My Vader word juis daardeur verheerlik dat julle baie vrugte dra en my dissipels is.”

9 “Soos die Vader My liefhet, het Ek julle ook lief. Julle moet in my liefde bly. 10 As julle my opdragte uitvoer, sal julle in my liefde bly, net soos Ek die opdragte van my Vader uitvoer en in sy liefde bly.

11 “Dit sê Ek vir julle sodat my blydskap in julle kan wees en julle blydskap volkome kan wees. 12 Dit is my opdrag: Julle moet mekaar liefhê soos Ek julle liefhet. 13 Niemand het groter liefde as dit nie: dat hy sy lewe vir sy vriende aflê. 14 Julle is my vriende as julle doen wat Ek julle beveel. 15 Ek noem julle nie meer ondergeskiktes nie, want ‘n ondergeskikte weet nie wat sy baas doen nie. Nee, Ek noem julle vriende, omdat Ek alles wat Ek van my Vader gehoor het, aan julle bekend gemaak het. 16 Julle het My nie uitgekies nie, maar Ek het julle uitgekies en julle aangestel om uit te gaan en vrugte te dra, vrugte wat sal hou. So sal die Vader aan julle gee wat julle ook al in my Naam vra. 17 Dit beveel Ek julle: Julle moet mekaar liefhê!”

Psalm 119:105

U woord is die lamp wat my die weg wys,
die lig op my pad.

DAGSTUKKIE

Week 1 • Woensdag

SOAP

Johannes 15:4-5

Julle moet in My bly en Ek in julle. 'n Loot kan nie uit sy eie vrugte dra as hy nie aan die wingerdstok bly nie; en so julle ook nie as julle nie in My bly nie. Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie.

OORDENKING

Liewe vriendin, jy is nie geroep om ouerskap alleen deur te maak nie. Dit is dalk vir jou 'n eerste ervaring, maar nie vir God nie. Moederskap is 'n reis gevul met vreugde, uitdagings en eindelose liefde. Te midde van besige dae en slapelose nagte fluister God saggies in ons harte en herinner ons daaraan dat ons nie alleen is in hierdie heilige roeping nie.

Ons kan nie vergeet dat as lote wat aan die Wingerdstok verbind is, ons krag en wysheid direk uit Jesus vloeïe nie. Sy Woord is ons lewenslyn, wat leiding, vertroosting en genade verskaf wat ons nodig het om die kosbare siele wat aan ons sorg toevertrou is, te koester. Wanneer verantwoordelikheid swaar op ons druk en twyfel insluip, onthou dat ons vermoë om vrugte te dra, nie uit onself is nie, maar uit die feit dat ons aan Christus verbind bly. Sonder Hom kan ons niks doen nie.

God ken elkeen van ons kinders, hul unieke persoonlikhede en spesifieke behoeftes. Hy het ons toegerus met sy liefde en wysheid. Ons leer daagliks om sy leiding te vertrou in ons ouerskapreis. In sy teenwoordigheid kan ons meer word soos Jesus terwyl ons vir ons kinders demonstreer hoe 'n Christus-volgeling lyk. Dit stel ons in staat om 'n atmosfeer in die huis te kweek waar ons kinders kan floreer en groei in hul liefde vir die Here.

So, liewe vriendin, laat ons ons daartoe verbind om onself in God se Woord te verdiep, toe te laat dat sy waarheid ons harte en gedagtes vorm en ons dade rig. Want dit is hier waar lewe werklik gevind word.

GEBED

Liewe Heer, help my asseblief om daagliks te kies om in U te bly en my krag en wysheid van U te put op my reis van moederskap.

VRAAG

Hoe kan jy doelbewuste tyd in jou dag skep om in Christus te bly, sodat sy Woord jou ouerskap kan vorm?

LEES

Week 1 • Donderdag

Kolossense 3:12-17

Julle is die uitverkore volk van God wat Hy baie liefhet. Daarom moet julle meelewend, goedgesind, nederig, sagmoedig en verdraagsaam wees. 13 Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe. 14 Bo dit alles moet julle mekaar liefhê. Dit is die band wat julle tot volmaakte eenheid saambind. 15 En die vrede wat Christus gee, moet in julle lewens die deurslag gee. God het julle immers geroep om as lede van een liggaam in vrede met mekaar te lewe. Wees altyd dankbaar. 16 Die boodskap van Christus moet in sy volle rykdom in julle bly. Leer en onderrig mekaar met alle wysheid. Met dankbaarheid in julle harte moet julle psalms, lofgesange en ander geestelike liedere tot eer van God sing. 17 En wat julle ook al sê of doen, sê en doen dit alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom.

DAGSTUKKIE

Week 1 • Donderdag

SOAP

Kolossense 3:16-17

Die boodskap van Christus moet in sy volle rykdom in julle bly. Leer en onderrig mekaar met alle wysheid. Met dankbaarheid in julle harte moet julle psalms, lofgesange en ander geestelike liedere tot eer van God sing. En wat julle ook al sê of doen, sê en doen dit alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom.

OORDENKING

Liewe vriendin, God se Woord behoort 'n invloed te hê op elke area van ons lewens. Dit moet ons lei, vertroos, en raad gee. Dit is tussen die bladsye van die Skrif waar ons die krag vandaan kry om bokant die alledaagse uit te styg en 'n hoër doel vind. Ons is elkeen 'n werktuig van sy liefde, geroep om God deur die ritmes van ons dae te verheerlik en hoe ons ander na Jesus toe wys.

Of jy biddend oor jou slapende kind fluister, wysheid met 'n onwillige tiener deel, of net wasgoed opvou terwyl jy met 'n vriendin gesels, weet dat hierdie oomblikke heilig is. Ons alledaagse dade word met ewigheidswaarde deurdrenk wanneer dit uit liefde vir die Here gedoen word.

Wat so pragtig is omtrent hierdie roeping is dat dit nie verstommende prestasies vereis nie, maar net getrouheid in die klein dingetjies. Jesus skep behae in die eenvoud van 'n rustige lewe wat doelgerig geleef word. Wanneer ons ons gewone dae aan Hom toewy, kan ons eenvoudige oomblikke evangelie-gesentreerd word, en ons gewone roetines redes om te aanbid.

Laat ons deur ons woorde en dade vir Hom leef en ons geliefdes koester, vryelik vergewe en vreugdevol dien. Mag ons na elke dag kyk as 'n skilderdoek vir sy eer en dit verf met die helder kleure van sy liefde en genade. Ons lewens is sy pragtigste meesterstukke.

GEBED

Dierbare Jesus, in die stilte van hierdie oomblik vra ek vir die genade om 'n lewe te lei wat U verheerlik in alles wat ek doen. Laat my lewe 'n getuienis wees van u onfeilbare liefde. Amen.

VRAAG

Hoe kan jy God se heerlijkheid weerspieël in die eenvoudige, alledaagse take wat vandag aan jou toevertrou is?

LEES

Week 1 • Vrydag

Efesiërs 1:15-23

Daarom, vandat ek gehoor het van julle geloof in die Here Jesus en van julle liefde vir al die gelowiges, 16 hou ek ook nie op om God vir julle te dank nie. Wanneer ek in my gebede aan julle dink, 17 bid ek dat die God van ons Here Jesus Christus, die Vader aan wie die heerlikheid behoort, deur sy Gees aan julle wysheid gee en Hom so aan julle openbaar dat julle Hom werklik kan ken. 18 Ek bid dat Hy julle geestesoë so verhelder dat julle kan weet watter hoop sy roeping inhou, en watter rykdom daar is in die heerlike erfenis wat Hy vir die gelowiges bestem het, 19 en hoe geweldig groot sy krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo. Dit is dieselfde kragtige werking van sy mag 20 wat Hy uitgeoefen het toe Hy Christus uit die dood opgewek en Hom in die hemel aan sy regterhand laat sit het: 21 hoog bo elke mag en gesag, elke krag en heerskappy, en wat daar ook al sprake van mag wees, nie net in hierdie bedeling nie, maar ook in die bedeling wat kom. 22 Ja, aan Hom het God alles onderwerp, Hom bo alles verhef en Hom aangestel as hoof van die kerk. 23 Die kerk is sy liggaam, die volheid van Hom wat alles in almal vervul.

S O A P
Week 1 • Vrydag

SOAP / *Efesiërs 1:17-19*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

APPLICATION / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

PRAYER / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

D A G S T U K K I E

Week 1 • Vrydag

SOAP

Efesiërs 1:16-19

Wanneer ek in my gebede aan julle dink, bid ek dat die God van ons Here Jesus Christus, die Vader aan wie die heerlikheid behoort, deur sy Gees aan julle wysheid gee en Hom so aan julle openbaar dat julle Hom werklik kan ken. Ek bid dat Hy julle geestesoë so verhelder dat julle kan weet watter hoop sy roeping inhou, en watter rykdom daar is in die heerlike erfenis wat Hy vir die gelowiges bestem het, en hoe geweldig groot sy krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo.

O O R D E N K I N G

Liewe vriendin, een van die ritmes van my gesin is dat ek elke aand my drie dogters afsonderlik in die bed sit en vir hulle bid. Ek doen dit al vandat hulle babas was, en twee van die drie is nou tieners. Party aande is die gebede meer persoonlik op elkeen gerig en langer. Ander aande is die gebede meer algemeen en korter.

Maar kom ons wees eerlik. Party aande is ek net doodmoeg. Gebed word 'n doelbewuste keuse, veral soos ek ouer word en vroeër in die aand moeg word. Tog besef ek hoeveel my dogters die persoonlike een-tot-een-tyd saam met my geniet om my van hulle dag te vertel. In daardie alledaagse oomblikke voel hulle dat hulle gehoor en gewaardeer word.

Nadat ons op die hoogte gebring is omtrent hulle dag, bid ek hardop vir hulle. Ek glo dit is belangrik dat ons kinders ons gebede hoor, en om te weet dat ons vir hulle bid en geestelik vir hulle veg. My gebede wissel van persoonlike tot onpersoonlike en groot tot klein kwessies. Ek bid vir hul beskerming en dat wysheid in hulle lewens sal toeneem. Ek bid vir hulle vriende, ons gesin, en ons leiers. As daar belangrike gebeure plaaslik of regoor die wêreld plaasvind, bid ek ook daarvoor. Ongeag die onderwerp, ek wil hê my kinders moet weet dat alle kwessies by die Here se luisterende ore uitkom. Dit is 'n voorreg om met danksegging, belydenis, smeking en aanbidding voor ons Hemelse Vader te kom. Geen gebedsversoek is te groot of te klein vir Hom nie. Hy gee vir alles om en is in beheer van alles.

G E B E D

Liewe Here Jesus, help my om my kinders te leer hoe belangrik gebed is. Help hulle om die krag van gebed te besef. Mag ons U sien deur die manier waarop ons bid en deur die wyses waarop U gebede beantwoord. Mag wat ek sê en wat ek dink tog vir U aanneemlik wees. Amen.

V R A A G

Wat is 'n paar maniere waarop jy vir jou kinders kan begin bid?

OORDENKING

Week 1

1. *Hoe kan jy die sagte grond van jou kinders se harte voorberei en koester om hulle te help groei in hul liefde en begrip van God se ontwerp en doel vir hulle lewens?*

.....
.....
.....

2. *Hoe kan die aanvaarding van jou identiteit in Christus die manier verander waarop jy vandag moederskap benader?*

.....
.....
.....

3. *Hoe kan jy doelbewuste tyd in jou dag skep om in Christus te bly en sy Woord toe te laat om jou ouerskap te vorm?*

.....
.....
.....

4. *Hoe kan jy God se heerlijkheid weerspieël in die eenvoudige, alledaagse take waarmee jy vandag toevertrou is?*

.....
.....
.....

5. *Wat is 'n paar maniere waarop jy vir jou kinders kan begin bid?*

.....
.....
.....



*Nee, God het ons
gemaak wat ons nou
is: in Christus Jesus
het Hy ons geskep om
ons lewe te wy aan die
goeie dade waarvoor
Hy ons bestem het.*

Efesiers 2:10

BID

Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

WEEKLIKSE UITDAGINGS

Kies 'n vers of gedeelte van hierdie week wat by jou aanklank vind en skep 'n kunswerk daaromheen – dit kan 'n tekening, 'n klein handwerk of 'n joernaalinskrywing wees. Laat dit 'n kreatiewe uitdrukking wees van die vreugde wat jy in God se Woord vind.

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

LEES

Week 2 • Maandag

Spreuke 3:1-12

My seun, wat ek jou leer moet jy nie vergeet nie,
hou vas aan wat ek jou voorskryf,
2 want dit sal vir jou 'n lang lewe verseker,
dit sal maak dat jy 'n vol lewe het.
3 Moenie dat liefde en trou by jou ontbreek nie;
leef daarmee saam,
maak dit 'n deel van jou lewe.
4 So sal jy guns verwerf en byval vind
by God en mens.
5 Vertrou volkome op die Here
en moenie op jou eie insigte staatmaak nie.
6 Ken Hom in alles wat jy doen
en Hy sal jou die regte pad laat loop.
7 Moenie dink jy het die wysheid in pag nie,
dien die Here en vermy wat sleg is:
8 dit is die geneesmiddel vir jou,
die verkwikking vir jou liggaam.
9 Vereer die Here met offerandes uit al wat jy besit
en met die beste uit jou oes,
10 dan sal jou skure oorvol wees
en jou parskuipe oorloop van die wyn.
11 My seun, aanvaar die straf wat van die Here kom
en moet jou nie teen sy teregwysing verset nie,
12 want die Here straf die mens wat Hy liefhet
net soos 'n vader doen met sy seun.

SOAP
Week 2 • Maandag

SOAP / Spreuke 3:5-6

SCRIPTURE / Skryf die Bybelverse vir vandag neer

OBSERVATION / Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer

D A G S T U K K I E

Week 2 • Maandag

SOAP

Spreuke 3:5-6

*Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staatmaak nie.
Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop.*

O O R D E N K I N G

Liewe vriendin, ek weet dit kan soms moeilik wees om op God te vertrou. Vanuit ons beperkte perspektief kan ons lewens deurmekaar lyk. Waar ons los drade en botsende patrone sien, sien Hy 'n pragtige tapisserie in wording. As ma's is ons ons kinders se wewers van geloof. Ons het die voorreg om vir hulle te wys hoe om die Meesterwewer te vertrou al is die ontwerp onduidelik en lyk dit of niks bymekaar pas nie.

Om God te vertrou beteken om hand aan hand saam met Hom die onbekende in te stap en te vertrou dat Hy die pad ken. Dit is om God se karakter te ken en oor te gee aan die sekerheid van sy liefde oor die onsekerheid van ons omstandighede. Dit beteken nie ons het al die antwoorde nie—dit beteken om die Een wat die antwoorde het, te vertrou.

Partykeer kom ons kinders met vrae na ons toe op soek na verduidelikings wat ons nie kan gee nie. Op sulke tye kan ons vir hulle daarop wys hoe mooi dit is om te vertrou en te bid. Deur op God staat te maak, kan ons hulle wys dat selfs wanneer ons nie verstaan nie, ons geloof vas kan staan.

Ons vertrou op God is 'n nalenskap wat ons oordra, 'n erfenis ryker as enige aardse skat. Dit is die stille krag wat ons standvastig maak wanneer die lewe wankelrig voel, asook die anker vir ons siele in die voortdurend veranderende getye wat op die kus van ons lewe uitspoel

Mag ons onthou, soos ons ons kinders lei, dat ons begrip maar 'n druppel in die oseaan van God se wysheid is. Hy sien ons lewens as geheel, die begin en einde, en elke kinkel en draai tussenin. Ons kan Hom vertrou as gevolg van Wie Hy is, en Hy is goed.

G E B E D

Liewe Jesus, laat my lewe 'n refleksie wees van 'n hart wat U geheel en al vertrou. Wanneer vrae opduik en die antwoorde skaars lyk, help my om 'n onwrikbare vertrou te demonstreer waaruit my kinders kan leer om na U, die Begin en Voleinder van ons geloof te kyk. Amen.

V R A A G

In watter areas van jou lewe kan jy jou vertrou in God verdiep sodat jou geloof tot voorbeeld vir jou gesin kan wees?

LEES

Week 2 • Dinsdag

1 Johannes 4:20-5:4

Om teen die gebrokenheid van ons wêreld te stry, kan ons ons kinders na Jesus lei. Hy het verstaan hoe dit was om swaarkry en lyding te trotseer. Soos ons hulle terugwys na die een wat hulle uiteindelik kan troos, kan ons saamkom en doelbewus kies om ons huise met begrip en geduld te vul. Ons kan huise skep waar drome gekoester word en teleurstellings besweer word, asook plekke waar ons kinders hul harte kan ontlaai terwyl ons luister, raad gee en net saam met hulle kan wees in die pyn van die oomblik. Ons kan kies om ons huise veilige plekke te maak waar ons harte aan hulle s'n gekoppel is. Wanneer hulle treur, treur ons. Wanneer hulle bly is, voel ons ook bly.

Die grondslag van al hierdie aksies en gesindhede is gewortel in God se Woord. Ons kinders moet weet waar ons sorg vandaan kom: die sorg van Jesus, wat gegaan en die prys vir hulle sonde en ons sonde betaal het. Waarheid verweef met genade, liefde, barmhartigheid en die begeerte na geregtigheid word gemotiveer deur ons liefde vir Hom.

Mag die woorde wat binne ons mure gehoor word, dié wees wat opbou as bemoediging. Mag ons kinders leer hoe dit lyk om empatie en vertroosting uit te brei sodat hulle ook 'n bron van vertroosting kan wees vir diegene wat God in hulle lewens geplaas het. Ons wil hê dat ons huise die beginpunt moet wees om die waarhede en daade van Christus te sien uitgaan na 'n lydende wêreld.

Kom ons verbind ons daartoe om ons kinders binne ons huise te troos met die vertroosting wat ons self van God ontvang het – troos wat oorloop, vertroosting wat genees, vertroosting wat bind en opbou.

G E B E D

Liewe Jesus, maak my 'n werktuig van U liefdevolle vertroosting. Help my om met empatie te luister, om met u wysheid te lei en om met u liefde te koester. Mag my huis 'n plek van vertroosting wees, waar u genade geken word en u liefde gevoel word. Amen.

V R A A G

Hoe kan jy 'n tuiste skep wat die gemak en veiligheid van God se liefde vir jou kinders vandag weerspieël?

LEES

Week 4 • Vrydag

1 Tessalonisense 5:11

Praat mekaar moed in en versterk mekaar dan met hierdie woorde, soos julle trouens reeds doen.

Spreuke 12:25

Bekommernis druk 'n mens neer;
'n vriendelike woord vrolik hom op.

Hebreërs 10:19-25

Broers, ons het dus nou deur die bloed van Jesus vrye toegang tot die heiligdom, 20 en dit op 'n weg wat nuut is en na die lewe lei. Hierdie weg het Hy vir ons gebaan deur die voorhangsel heen, dit is deur sy liggaam. 21 En terwyl ons Hom ook as groot priester oor die huis van God het, 22 laat ons tot God nader met 'n opregte hart en met volle geloofsekerheid. Ons harte is immers gereinig van 'n skuldige gewete, en ons liggame is gewas met skoon water. 23 Laat ons styf vashou aan die hoop wat ons bely, want God is getrou: Hy doen wat Hy beloof het. 24 Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade. 25 Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom.

D A G S T U K K I E

Week 4 • Vrydag

SOAP

Hebreërs 10:24-25

Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie daade. Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom.

OORDENKING

Liewe vriendin, ons is geroep om 'n bemoediging vir ons kinders te wees. Net soos Hebreërs vir ons sê om mekaar aan te spoor tot liefde en goeie daade, het ons die voorreg om ons kinders op te hef, te inspireer en te motiveer om God heelhartig lief te hê met hul lewens.

Dink aan aanmoediging as die sonlig vir 'n plant, noodsaaklik vir groei en florerings. Dit is die woorde van bevestiging na 'n harde dag, die sagte druk wanneer hulle huiwerig is, en die bemoediger se toejuiging in hul oomblikke van triomf. In elke lofprijsing, elke ondersteunende woord en selfs in ons teenwoordigheid, kommunikeer ons aan ons kinders, "Ek glo in jou. Ek sien jou pogings, en jy is baie geliefd."

Kom ons maak ons huise plekke waar aanmoediging vrylik vloei, waar elke kind die krag van ons ondersteuning en die diepte van ons liefde voel. Ons woorde en daade kan 'n sterk krag wees, wat hulle help om te groei in vertroue, veerkragtigheid en geloof.

Wanneer ons hulle gees met bemoediging koester, weerspieël ons die hart van ons Hemelse Vader, wat ons grootste ondersteuner en bemoediger is. Terwyl ons, ons kinders lei en ophef, word ons ook aangespoor deur sy liefde en genade in ons eie lewens.

GEBED

Liewe Jesus, dankie vir die gawe van my kinders. Help my om 'n bron van voortdurende bemoediging vir hulle te wees. Gee my die woorde en daade om hulle gemoed op te hef, om hulle in U liefde te lei en om hulle te ondersteun in elke stap van hulle reis. Amen.

VRAAG

Wat is 'n paar spesifieke maniere waarop jy jou kinders kan aanmoedig en bemoedig in die seisoen waarin hulle tans is? Wat dink jy moet hulle van jou hoor?

O O R D E N K I N G

Week 4

1. *Wat is 'n paar eenvoudige maniere waarop jy vandag 'n koesterende en liefdevolle omgewing in jou huis kan skep?*

.....
.....
.....

2. *Hoe kan jy met jou kinders begin praat oor die goeie grense wat God in ons lewens geplaas het vir ons beskerming en voorspoed?*

.....
.....
.....

3. *Wat is 'n paar praktiese maniere waarop jy die onderrig van God se Woord in jou alledaagse interaksies met jou kinders kan inkorporeer?*

.....
.....
.....

4. *Hoe kan jy 'n huis skep wat die gemak en veiligheid van God se liefde vir jou kinders vandag weerspieël?*

.....
.....
.....

5. *Wat is 'n paar spesifieke maniere waarop jy jou kinders kan aanmoedig in die seisoen waarin hulle nou is? Wat dink jy moet hulle van jou hoor?*

.....
.....
.....

Julle is inderdaad
uit genade gered, deur
geloof. Hierdie redding
kom nie uit julleself
nie; dit is 'n gawe van
God. Dit kom nie deur
julle eie verdienste
nie, en daarom
het niemand enige
rede om op homself
trots te wees nie.

Efeziërs 2:8-9

BID

Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

WEEKLIKSE UITDAGINGS

Identifiseer elke dag een manier om die evangelieboodskap in jou huis te versterk. Dit kan wees deur gesinsbybelstudie deur een van ons kindersstudies te gebruik, getuienisse by aandete te deel, of saam te dien in jou gemeenskap. Hou 'n joernaal van hierdie aktiwiteite. Hou aan die einde van die week 'n gesinsbespreking oor wat jy geleer en ervaar het.

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

LEES

Week 5 • Maandag

Romeine 12:3-8

3 Kragtens die genade wat aan my gegee is, sê ek vir elkeen van julle: Moenie van jouself meer dink as wat jy behoort te dink nie. Nee, lê jou liewer daarop toe om beskeie te wees in ooreenstemming met die maat van geloof wat God aan elkeen toebedeel het. 4 Ons het baie lede in een liggaam, en die lede het nie almal dieselfde funksie nie. 5 Net so is ons, al is ons baie, in Christus een liggaam, en almal afsonderlik lede van mekaar. 6 Ons het genadegawes wat van mekaar verskil volgens die genade wat God aan elkeen van ons gegee het. As dit die gawe van profesie is, laat ons dit gebruik in ooreenstemming met die geloof wat ons bely. 7 As dit is om te dien, laat ons dien. As dit is om onderrig te gee, laat ons onderrig gee. 8 As dit is om mense te bemoedig, laat ons hulle bemoedig. As ons gee, laat dit sonder bybedoelings wees. As ons leiding gee, dan met toewyding. As ons ander help, dan met blymoedigheid.

S O A P

Week 5 • Maandag

SOAP / *Romeine 12:4-5*

SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

DAGSTUKKIE

Week 5 • Maandag

SOAP

Romeine 12:4-5

Ons het baie lede in een liggaam, en die lede het nie almal dieselfde funksie nie. Net so is ons, al is ons baie, in Christus een liggaam, en almal afsonderlik lede van mekaar.

OORDENKING

Liewe vriendin, God het elkeen van jou kinders geskep met die presiese persoonlikheid en vaardighede wat nodig is om hul rol in die liggaam van Christus te speel. En weet jy wat? Jy is net die ma wat hulle nodig het om hulle te help om hul geskenke te groei en te benut.

In hierdie geslag, meer as ooit tevore, het ons kinders aanmoediging nodig om gehoorsaam en getrou te leef in die roeping wat God op hulle lewens geplaas het. Hulle gehoorsaamheid maak saak. Net soos in 'n fisiese liggaam, is elke deel, elke lid, noodsaaklik en waardevol. Ons moet hulle help om te sien dat hulle deel is van 'n pragtige, globale span – die Liggaam van Christus – en hoe hulle in die span funksioneer.

Hulle moet verstaan dat hulle nie net gekoesterde individue is nie, maar ook lede van 'n gesamentlike liggaam. Elkeen se bydrae, hoe klein dit ook al mag lyk, is noodsaaklik. Niemand se werk is belangriker as 'n ander s'n nie. Ons het Christene oral nodig om tot God se eer op alle terreine van die lewe te leef en 'n "spanwerk"-ingesteldheid te hê. Namate hulle groei en hul plek in hierdie liggaam vind, sal hulle die belangrikheid van eenheid en wedersydse ondersteuning in Christus leer ken.

Moedig hulle dus aan om hul rol te omhels, hul gawes te gebruik en om die skoonheid raak te sien deur saam met ander te werk om God se groter doel te bereik. Sodoende sal hulle nie net hul plek in die liggaam van Christus vind nie, maar ook die vreugde ervaar om te behoort en by te dra tot iets veel groter as hulself.

GEBED

Liewe Jesus, help my om my kinders te begelei om hulle waardevolle plek in u liggaam te verstaan. Leer hulle om hul gawes en talente te gebruik om U te verheerlik en om in harmonie met ander te werk, as deel van u groter plan. Amen.

VRAAG

Hoe kan jy jou kinders help om hulle unieke rol in die Liggaam van Christus te verstaan en te waardeer en hoe belangrik dit is om saam met ander te werk om meer mense met die Evangelie te bereik?

LEES

Week 5 • Dinsdag

Matteus 9:35-10:15

Jesus het al die dorpe en klein plekkies besoek. Hy het die mense in hulle sinagoges geleer, die evangelie van die koninkryk verkondig en elke soort siekte en kwaal gesond gemaak.

36 Toe Hy die menigtes sien, het Hy hulle innig jammer gekry, want hulle was moeg en hulpeloos soos skape wat nie 'n wagter het nie. 37 Hy sê toe vir sy dissipels: “Die oes is groot, maar die arbeiders min. 38 Bid dan die Here aan wie die oes behoort, om arbeiders uit te stuur vir sy oes.”

1 Jesus het sy twaalf dissipels nader geroep en hulle mag gegee om onrein geeste uit te dryf en om elke soort siekte en kwaal gesond te maak.

2 Die name van die twaalf apostels was: in die eerste plek Simon, wat ook Petrus genoem word, en sy broer Andreas; 3 Jakobus seun van Sebedeus, en sy broer Johannes; Filippus en Bartolomeus; Tomas en Matteus die tollenaar; Jakobus seun van Alfeus, en Taddeus; 4 Simon die Kananeër, en Judas Iskariot wat vir Jesus verraai het.

5 Jesus het hierdie twaalf uitgestuur en die volgende opdragte aan hulle gegee:

“Moenie met 'n pad na die heidennasies toe afdraai nie en moenie in 'n dorp van die Samaritane ingaan nie. 6 Gaan liever na die verlore skape van die volk Israel toe. 7 Gaan verkondig: ‘Die koninkryk van die hemel het naby gekom.’ 8 Maak siekes gesond, wek dooies op, reinig melaatses en dryf bese geeste uit. Julle het dit verniet ontvang, gee dit ook verniet.

9 “Moenie vir goud of silwer of koper in julle beursies sorg nie 10 en moenie vir die pad 'n reissak aanskaf of nog 'n kledingstuk of skoene of 'n stok nie. 'n Arbeider is tog geregtig op onderhoud.

11 “As julle in 'n stad of dorp kom, stel dan vas by wie julle daar kan tuis gaan en bly by hom totdat julle die reis voortsit. 12 As julle in die huis kom, wens die mense vrede toe. 13 As die huismense se gesindheid goed is, handhaaf julle vredewens vir die huis. Maar as hulle nie goedgesind is nie, trek julle vredewens dan terug. 14 As iemand julle nie ontvang nie en nie na julle woorde luister nie, gaan uit sy huis of uit daardie dorp uit en skud die stof van julle voete af. 15 Dit verseker Ek julle: Dit sal in die oordeelsdag vir die gebied Sodom en Gomorra draagliker wees as vir daardie dorp.”

S O A P
Week 5 • Dinsdag

SOAP / *Matteus 9:36-38*

SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

DAGSTUKKIE

Week 5 • Dinsdag

SOAP

Matteus 9:36-38

“Toe Hydie menigtes sien, het Hy hulle innig jammer gekry, want hulle was moeg en hulpeloos soos skape wat nie ‘n wagter het nie. Hy sê toe vir sy dissipels: “Die oes is groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here aan wie die oes behoort, om arbeiders uit te stuur vir sy oes.”

OORDENKING

Liewe vriendin, een van die mooiste maniere waarop ons ons geloof aan ons kinders kan oordra, is deur hulle in te sluit en saam met hulle bediening te doen. Om saam te werk om God se koninkryk uit te brei, Hom as gesin te verheerlik en die deernisvolle hart van God te demonstreer, is die middelpunt van hoe Jesus sy dissipels gedissipel het.

In ons alledaagse lewe het ons ontelbare geleenthede om Christus-gesinde liefde en diens te wys. Dit is in hoe ons praat, hoe ons optree en hoe ons bid. Dit wys vir ons kinders dat geloof daarvoor gaan om vorentoe te stap en op God te vertrou, selfs wanneer ons nie die hele pad kan sien nie. Dit gaan daarvoor om te leer hoe belangrik dit is om aan God se familie verbind te wees, asook hoe om na God se stem in die Skrif te luister en om sy antwoorde op ons gebede te herken.

Bowenal gaan dit daarvoor om ons kinders te help om mense deur Jesus se oë te sien - met liefde, deernis en begrip, ten spyte van hul gebrokenheid of stryd. Dit wys vir hulle dat elke persoon wat hulle ontmoet iemand is wat Jesus geskep, voor gesterf het en innig liefhet.

Kom ons moedig ons kinders dus aan om werkers in God se oes te wees. Deur te verstaan dat God se liefde selfs die donkerste plekke bereik, kan ons ons kinders help om ander te sien as mense wat innig deur Christus geliefd is en wat sy verlossing nodig het.

Saam, as ‘n gesin, kan ons ‘n beduidende impak in die lewens van ander maak deur die liefde en deernis van Jesus te deel in ‘n wêreld wat dit so broodnodig het.

GEBED

Liewe Jesus, help ons as gesin om ander te sien en lief te hê soos U. Help ons om medelye te toon deur u boodskap van hoop en verlossing te deel. Mag ons saam dien, u koninkryk uitbrei en u Naam verheerlik. Amen.

VRAAG

Wat is ‘n paar maniere waarop jou gesin ander saam kan dien deur die liefde en deernis van Jesus in jou gemeenskap te demonstreer?

LEES

Week 5 • Woensdag

Matteus 9:9-13

Terwyl Jesus daarvandaan verder gaan, het Hy 'n man met die naam Matteus by die tolhuis sien sit en vir hom gesê: “Volg My!”

Hy het toe opgestaan en Hom gevolg.

10 Jesus het by hom in sy huis gaan eet, en baie tollenaars en sondaars het saam met Jesus en sy dissipels kom eet. 11 Toe die Fariseërs dit sien, vra hulle vir sy dissipels: “Waarom eet julle leermeester saam met tollenaars en sondaars?”

12 Maar Jesus het dit gehoor en gesê: “Dié wat gesond is, het nie 'n dokter nodig nie, maar dié wat siek is. 13 Gaan leer wat dit beteken: ‘Ek verwag barmhartigheid en nie offers nie.’ Ek het nie gekom om mense te roep wat op die regte pad is nie, maar sondaars.”

Matteus 4:18-22

Eendag toe Jesus langs die See van Galilea loop, sien Hy twee broers: Simon, wat ook Petrus genoem word, en sy broer Andreas. Hulle was besig om 'n werpnet in die see uit te gooi, want hulle was vissers van beroep. 19 Hy sê toe vir hulle: “Kom hier! Kom saam met My, en Ek sal julle vissers van mense maak.”

20 Hulle het dadelik die nette gelos en Hom gevolg.

21 Toe Hy daarvandaan verder gaan, sien Hy twee ander broers: Jakobus 'n seun van Sebedeus, en sy broer Johannes. Hulle was in 'n skuit saam met hulle pa besig om hulle nette reg te maak. Jesus het hulle geroep, 22 en hulle het dadelik die skuit en hulle pa verlaat en vir Jesus gevolg.



SOAP / *Matteus 4:19-20*

SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

D A G S T U K K I E

Week 5 • Woensdag

SOAP

Matteus 4:19-20

Hy sê toe vir hulle: “Kom hier! Kom saam met My, en Ek sal julle vissers van mense maak.” Hulle het dadelik die nette gelos en Hom gevolg.

O O R D E N K I N G

Dierbare vriendin, een van die grootste geskenke wat ons vir ons kinders kan gee, is die voorbeeld van ‘n lewe wat na Jesus gevorm is. Dit is meer as net om die Skrif te deel. Dit laat hulle God se Woord in aksie in ons daaglikse lewe sien terwyl ons kies om Jesus bo alles te volg.

In ons huise, in ons verhoudings, in die manier waarop ons uitdagings hanteer, neem ons kinders waar. Hulle leer wat dit beteken om outentieke geloof uit te leef, selfs in sy onvolmaaktheid. Ons kinders moet sien hoe ons in geloof uitstap, op God vertrou en sy antwoorde op ons gebede aanskou. God het in die verlede gebede verhoor en hulle moet sien dat Hy ook in ons lewens besig is om gebede te beantwoord.

Jesus het in sy aardse bediening vir ons die belangrikheid van dissipelskap gewys. Hy het saam met sy dissipels gewandel, hulle geleer, hulle saam met Hom laat dien, hulle vergewe en hulle liefgehad. Hy het dag in en dag uit die lewe saam met hulle geleef. Op dieselfde manier word ons ook geroep om saam met ons kinders te “lewe”. Ons huise is nie net leefruimtes nie. Hulle is die belangrikste plek van bediening. Ons huis is ons bediening se hoofkwartier.

Soos ons God se Woord in aksie in ons lewens plaas, lei ons ons kinders op om dieselfde te doen. Waaraan ons waarde heg, sal hulle hopelik ook aan waarde heg. Soos ons kies om lewens te lei wat God eer, wys ons hulle hoe dit lyk om die wêreld vir Christus te beïnvloed.

Liewe vriendin, kom ons streef daarna om lewens te leef wat Jesus se liefde en genade weerklink. Kom ons wees doelgerig om verhoudings met ons kinders te bou, net soos Jesus met sy dissipels gedoen het, om hulle te lei, hulle lief te hê en vir hulle die pad te wys.

G E B E D

Liewe Jesus, help my om my lewe na U te vorm sodat my kinders kan sien dat u liefde en waarheid in my uitgeleef word. Gee my die wysheid en krag om hulle te lei, om hulle u weë te wys en hulle in u waarheid te koester. Amen.

V R A A G

Op watter maniere kan jy doelbewus die leerstellings en karakter van Jesus in jou daaglikse lewe uitleef, om jou kinders te lei en te inspireer?

LEES

Week 5 • Donderdag

Matteus 28:16-20

Die elf dissipels het na Galilea toe gegaan na die berg waarheen Jesus hulle beveel het om te gaan. 17 Toe hulle Hom sien, het hulle Hom aanbid, hoewel party getwyfel het. 18 Jesus kom toe nader en sê vir hulle: “Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. 19 Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en 20 leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.”

SOAP

Week 5 • Donderdag

SOAP / *Matteus 28:18-20*

SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

DAGSTUKKIE

Week 5 • Donderdag

SOAP

Matteus 28:18-20

Jesus kom toe nader en sê vir hulle: "Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld."

OORDENKING

Dierbare vriendin, as ma's is een van die bittersoetste take wat ons in die gesig staar om ons kinders in die wêreld uit te stuur. Dit is 'n pragtige, dog uitdagende oomblik wanneer ons hulle in God se hande toevertrou, wetende dat hulle 'n spesiale doel het om te vervul - om die evangelie te versprei met die unieke gawes waarmee God hulle geseën het.

Hulle missie, net soos dit vir die dissipels en vir ons was, is om dissipels te maak en om verhoudings te smee wat ander na God toe trek. Ons het die voorreg om hulle te leer dat God gewone mense gebruik om buitengewone dinge te doen. Ons huise word die oefenterrein waar hierdie waarhede in hul harte gesaai word.

Alhoewel dit moeilik is om ons kinders te laat gaan, weet ons dat God die een is wat hulle in sy hande hou. Hy skryf hul stories al van voor hulle gebore is. Hy het hulle selfs meer lief as wat ons ooit kon. Ons rol is nie om ons kinders styf vas te hou nie, maar om ons hande oop te maak en hulle toe te vertrou aan die Een wie se vaste greep nooit sal wankel nie.

Soos ons kinders groot word en uiteindelik ons huise verlaat, of dit nou vir skool, werk of vir die sendingveld is, is dit belangrik dat hulle verstaan dat die God wat hulle roep ook saam met hulle stap. Hulle sal nooit alleen loop nie.

GEBED

Liewe Jesus, terwyl ek voorberei om my kinders in die wêreld uit te stuur, vra ek vir U leiding en beskerming oor hulle. Help hulle om hulle doel tot u eer uit te leef en om dissipels te wees wat dissipels maak. Gee my die krag om 'n voorbeeld te wees en wys hulle u liefde en getrouheid in elke tree van die pad. Amen.

VRAAG

Hoe kan jy jou kinders vandag toerus en aanmoedig om hul Godgegewe doel met ope arms aan te neem soos hulle voorberei om uit te tree in die wêreld in?

LEES

Week 5 • Vrydag

Efesiërs 2:1-10

Julle was dood as gevolg van julle oortredings en sondes 2 wat voorheen julle lewenswyse gekenmerk het. Julle het gelewe soos hierdie sondige wêreld en julle laat lei deur die vors van die onsigbare magte, die gees wat daar nou aan die werk is in die mense wat aan God ongehoorsaam is.

3 So het ons trouens vroeër ook almal gelewe. Ons is deur ons sondige begeertes oorheers en het gedoen net waartoe ons luste ons gelei het en wat in ons gedagtes opgekom het. Vanweë ons sondige natuur sou ons net soos die ander mense deur God gestraf moes word. 4 Maar God is ryk in barmhartigheid en het ons innig lief. 5 Deur sy groot liefde het Hy ons wat dood was as gevolg van ons oortredings, saam met Christus lewend gemaak. Uit genade is julle gered! 6 Ja, in Christus Jesus het Hy ons saam met Hom opgewek uit die dood en ons saam met Hom 'n plek in die hemel gegee, 7 sodat God ook in die tye wat kom, sou laat sien hoe geweldig groot sy genade is deur die goedheid wat Hy in Christus Jesus aan ons bewys het.

8 Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God. 9 Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie. 10 Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het.

D A G S T U K K I E

Week 5 • Vrydag

SOAP

Efesiërs 2:8-9

Julle is inderdaad uit genade te gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God. Dit kom nie deur julle verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie.

O O R D E N K I N G

Liewe vriendin, in 'n wêreld wat dikwels 'n persoon se waarde aan intelligensie, sukses en prestasies meet, moet ons ons kinders leer dat hul waarde nie is in wat hulle kan doen nie, maar eerder in wie hulle behoort. Ons waarde word nie deur wêreldse standaarde gedefinieer nie, maar deur die genade van God. Dit is nie in die 'doen' nie, maar eerder in die 'wees' – om kinders van God te wees, gered uit genade deur geloof alleen.

As mammas moet ons 'n lewe modelleer wat geloof, getrouheid en gehoorsaamheid waardeer bo grade, sport, toekennings of godsdienstige aktiwiteite. Ons moet vir ons kinders wys dat sukses in God se oë nie gaan oor toekennings of prestasies nie, maar om ons lewens aan Jesus oor te gee en op sending te leef. Deur die ewigheid voor oë te hou, kan ons die hoop en versekering by hulle inboesem dat wat ook al in hierdie lewe gebeur, ons werklike tuiste en uiteindelijke vreugde in Christus is. Die evangelie lig alles in wat ons dink, sê en doen. Ons leef vir 'n gehoor van Een.

Laat elke aksie, gesprek en belydenis dus in ons evangelie-gesentreerde huise terugwys na hierdie waarheid: ons is gered deur geloof, ons lewe deur geloof, en ons ontvang die eindelose genade van God deur daardie selfde geloof.

G E B E D

Liewe Jesus, help my om 'n huis te kweek waar u evangelie die hoeksteen is. Help my om my kinders die skoonheid van u genade te leer en die vreugde om 'n lewe gefokus op U te leef. Mag ons huis 'n weerspieëling wees van u liefde en 'n plek waar geloof floreer. Amen.

V R A A G

Hoe kan jy die beginsels van genade en geloof in jou daaglikse gesinslewe inkorporeer om 'n evangelie-gesentreerde huis te koester?

OORDENKING

Week 5

1. *Hoe kan jy jou kinders help om hulle unieke rol in die Liggaam van Christus te verstaan en te waardeer, asook die belangrikheid daarvan om saam met ander te werk om meer mense met die evangelie te bereik?*

.....
.....
.....

2. *Wat is 'n paar maniere waarop jou gesin saam ander kan dien deur die liefde en deernis van Jesus in jou gemeenskap te demonstreer?*

.....
.....
.....

3. *Op watter maniere kan jy doelbewus die leringe en karakter van Jesus in jou daaglikse lewe modelleer om jou kinders te lei en te inspireer?*

.....
.....
.....

4. *Hoe kan jy jou kinders vandag toerus en aanmoedig om hul Godgegewe doel met ope arms aan te neem terwyl hulle voorberei om die wêreld in te gaan?*

.....
.....
.....

5. *Hoe kan jy die beginsels van genade en geloof in jou daaglikse gesinslewe inkorporeer om 'n evangelie-gesentreerde huis te koester?*

.....
.....
.....

Die Hoïpriester wat ons het,
is nie Eén wat geen medelye
met ons swakhede kan hê nie;
Hy was immers in elke opsig
net soos ons aan versoeking
onderwerp, maar Hy het nie
gesondig nie. Kom ons gaan
dan met vrymoedigheid na
die genadetroon, sodat ons
barmhartigheid en genade
ontvang en so op die regte
tyd gered kan word.

Hebreërs 4:15-16

BID

Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

WEEKLIKSE UITDAGINGS

Kies elke dag een manier om jou geloof uiterlik uit te druk. Dit kan wees deur 'n gesprek oor jou oortuigings, vrywilligerswerk vir 'n saak waaroor jy passievol is, of bloot deur genade en geduld in uitdagende situasies aan die dag te lê. Dink na oor hoe hierdie aksies jou geloof verdiep en diegene rondom jou beïnvloed.

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

LEES

Week 6 • Maandag

Hebreërs 4:14-16

Terwyl ons dan nou 'n groot Hoëpriester het wat reeds deur die hemele gegaan het, Jesus, die Seun van God, laat ons vashou aan die geloof wat ons bely. 15 Die Hoëpriester wat ons het, is nie Een wat geen medelye met ons swakhede kan hê nie; Hy was immers in elke opsig net soos ons aan versoeking onderwerp, maar Hy het nie gesondig nie. 16 Kom ons gaan dan met vrymoedigheid na die genadetroon, sodat ons barmhartigheid en genade ontvang en so op die regte tyd gered kan word.

DAGSTUKKIE

Week 6 • Maandag

SOAP

Hebreërs 4:15-16

Die Hoëpriester wat ons het, is nie Een wat geen medelye met ons swakhede kan hê nie; Hy was immers in elke opsig net soos ons swakhede kan hê nie; Hy was immers in elke opsig net soos ons aan versoeking onderwerp, maar Hy het nie gesondig nie. Kom ons gaan dan met vrymoedigheid na die genadetroon, sodat ons barmhartigheid en genade ontvang en so op die regte tyd gered kan word.

OORDENKING

Liewe vriendin, ek is mal oor hierdie verse, want dit wys vir ons dat ons nie perfek hoef te wees om Jesus te nader nie. Hy verstaan ons swakhede, ons stryd en ons oneindige versoekings. Moederskap is so 'n seën, maar dit kan ook moeilik wees. Jesus verstaan. Alhoewel Jesus nooit gesondig het nie, was Hy van tyd tot tyd gefrustreerd met sy dissipels.

Ons moet as moeders onthou dat God baie geduldig is met ons onvolmaakthede. En terwyl Hy ons heiligmaak, vergewe sy eindelose genade ons vir ons tekortkominge, ons swakhede en ons oomblikke van twyfel. Ons kan met vrymoedigheid na Hom toe kom deur gebed waar ons met genade en hulp deur ons Verlosser ontmoet sal word.

Onderwyl ons Hom dien en ons kinders grootmaak, moet ons onthou dat genade die sleutel is. Moederskap gaan oor gehoorsaamheid, oorgawe en diens. Dit gaan daarvoor om God se genade aan ons kinders uit te reik. Hulle is nie perfek nie, net soos ons nie perfek is nie.

Wanneer ons kinders verstaan dat hulle verhouding met God nie op hulle volmaakte gedrag gebaseer is nie, maar op sy volmaakte liefde, verander dit alles.

So liewe vriendin, in al ons onvolmaaktheid, kom ons leun op God se genade. Kom ons nader sy troon met vertroue, wetende dat Hy ons sal vergewe. Kom ons gaan ook voort om Hom te vra vir hulp in ons spesifieke versoekings en stryd sodat ons ons sondes kan oorwin.

Kom ons leef hierdie genade in ons huise uit, en wys vir ons kinders dat hulle nie geliefd is omdat hulle volmaak is nie, maar omdat hulle kosbaar is in sy oë.

GEBED

Liewe Jesus, dankie vir die gawe van u genade. Help my om 'n lewe te lei wat u genade in elke woord en daad weerspieël. Help my om genade aan my familie te betoon en my kinders te leer van u liefde, vegfnis en genade. Amen.

VRAAG

Hoe kan jy God se genade in jou daaglikse interaksies met jou gesin demonstreer, hulle help om sy liefdevolle genade te verstaan en aan te neem?

LEES

Week 6 • Dinsdag

Lukas 1:38

Maria sê toe: “Ek is tot beskikking van die Here. Laat met my gebeur wat u gesê het.”

Toe het die engel van haar af weggegaan.

Lukas 9:23-24

Toe het Hy vir almal gesê: “As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, elke dag sy kruis opneem en My volg, 24 want elkeen wat sy lewe wil behou, sal dit verloor, maar elkeen wat sy lewe om my ontwil verloor, sal dit behou.

Matteus 6:10

laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel.

DAGSTUKKIE

Week 6 • Dinsdag

SOAP

Matteus 6:10

laat u koningryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel.

OORDENKING

Liewe vriendin, die pad van oorgawe is nie altyd maklik nie, veral in ons wêreld wat dikwels beheer en selfgenoegsaamheid waardeer. Oorgawe aan God se wil bring 'n dieper vrede en vreugde as wat ons ooit op ons eie kon vind.

In die pragtige, dog eenvoudige gebed, het Jesus sy dissipels geleer daar is 'n diepgaande oproep tot oorgawe – om God se wil in ons lewens te laat geskied, so perfek soos dit in die hemel is. Hierdie oorgawe beteken om Hom te vertrou met ons hoop, drome en die alledaagse besonderhede van ons lewens.

As ma's, vrouens, susters en vriende, beteken dit om 'n lewe van oorgawe te leef om te erken dat God se planne vir ons en ons geliefdes beter is as enigiets wat ons kan bedink. Dit is in die daaglikse oomblikke van loslaat en God die leiding laat neem waar ons werklik vryheid vind.

Hoe vreemd dit ookal klink, dit is in oorgawe dat ons die krag vind om ons uitdagings die hoof te bied en die genade om ons vreugdes te omhels. Dit is 'n daaglikse besluit om te sê: "Here, nie my wil nie, maar U wil geskied." Hierdie daad van vertrou maak ons nie minder nie; in plaas daarvan bring dit ons in lyn met die hart van God.

Kom ons moedig mekaar dus aan om oorgegewe lewens te lei, met die vertrou dat God goed is, sy planne volmaak is en sy liefde vir ons onfeilbaar is. In oorgawe vind ons ons ware self – geliefd, gekoester en vergewe deur 'n Vader wat die beste vir ons wil hê.

GEBED

Here, help my om 'n lewe van oorgawe aan U te lei. Leer my om op u wil te vertrou en om u planne vir my en my gesin te omhels. Mag my hart altyd die gebed weerklink, 'U koninkryk kom. U wil geskied.' In Jesus se naam, Amen.

VRAAG

In watter areas van jou lewe kan jy vandag oorgawe beoefen, met die vertrou dat God se wil volmaak is, en sy planne vir jou goed is?

LEES

Week 6 • Woensdag

2 Petrus 1:3-11

Sy Goddelike krag het ons alles geskenk wat ons nodig het om te lewe en Hom te dien. Dit kom deurdat ons Hom ken wat ons geroep het deur sy heerlikheid en mag. 4 Deur dit te doen, het Hy ons die kosbaarste en allergrootste gawes geskenk wat Hy belowe het. Daardeur kan julle die verderf ontvlug wat deur begeerlikheid in die wêreld werksaam is, en deel kry aan die Goddelike natuur. 5 En juis om hierdie rede moet julle alles in die stryd werp om julle geloof te verryk met deugsaamheid, die deugsaamheid met kennis, 6 die kennis met selfbeheersing, die selfbeheersing met volharding, die volharding met godsvrug, 7 die godsvrug met liefde onder mekaar en die liefde onder mekaar met liefde vir alle mense.

8 As julle dit alles besit en dit neem steeds toe, sal julle met ywer en met vrug ons Here Jesus Christus beter leer ken. 9 Iemand wat hierdie dinge nie sy eie gemaak het nie, is kortsigtig; nog erger, hy is blind en het vergeet dat hy van sy vroeëre sondes gereinig is.

10 Daarom, broers, moet julle julle des te meer daarvoor beywer om deur julle lewe te bewys dat God julle geroep en verkies het. As julle hierdie dinge doen, sal julle nooit struikel nie. 11 En dan sal daar vir julle vrye en feestelike toegang wees tot die ewige koninkryk van ons Here en Verlosser, Jesus Christus.

SOAP
Week 6 • Woensdag

SOAP / *2 Petrus 1:3*

SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

DAGSTUKKIE

Week 6 • Woensdag

SOAP

2 Petrus 1:3

*Sy Goddelike krag het ons alles geskenk wat ons nodig het om te lewe en Hom te dien.
Dit kom deurdat ons Hom ken wat ons geroep het deur sy heerlikheid en mag.*

OORDENKING

Liewe vriendin, om 'n lewe van krag te leef, gaan nie oor fisieke bekwaamheid of die vermoë om alles op ons eie te kan hanteer nie. Dit gaan ook oor deursettingsvermoë – daardie diep, onwrikbare toewyding om op die koers te bly, gewortel in 'n blywende geloof.

In ons rolle as moeders, susters en vriende word ons geroep om geestelike vegters te wees. Dit gaan nie net daarvoor om ons gesinne fisies te beskerm en te koester nie, maar ook op 'n geestelik gebied. Ons vind ons ware krag in God. In Hom vind ons die krag om lewens te lei wat Hom eer bring.

In die eerste plek vertoon ons hierdie vermoë deur ons eie verhouding met Jesus te kweek. Ons kan nie die waarhede en liefde van Christus uitstort, indien ons nie toelaat dat Hy ons vul nie. Ons straal ook hierdie krag uit deur vir ons kinders te bid, deur hulle met God se Woord aan te moedig en deur hulle lief te hê tydens sukses en mislukking. Dit is in hierdie dade van getrouheid dat ons vir ons kinders wys wat dit beteken om op God te vertrou, krag uit Hom te put en op sy plan te vertrou, selfs te midde van die lewe se storms.

Mag ons nooit vergeet dat die krag wat ons elke dag nodig het van ons Hemelse Vader kom nie. Dit is sy krag wat ons in staat stel om te volhard, vas te staan in die geloof en om sy liefde en genade met ons gesinne en gemeenskappe te deel.

GEBED

Liewe Jesus, dankie vir die krag wat U in elke faset van my lewe gee. Help my om 'n lewe van volharding te lei, gewortel in u krag. Mag my dade en woorde 'n getuienis wees van u krag; in my ondersteuning en liefde vir diegene wat U in my lewe geplaas het. Amen.

VRAAG

Hoe kan jy vandag God se krag in jou lewe wys, veral in oomblikke wat deursettingsvermoë en geloofsvertroue vereis?

LEES

Week 6 • Donderdag

Romeine 15:13

Mag God, die bron van hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle hoop al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees!

DAGSTUKKIE

Week 6 • Donderdag

SOAP

Romeine 15:13

Mag God, die bron van hoop julle, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle hoop al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees!

OORDENKING

Liewe vriendin, om 'n lewe van hoop te lewe is nie net 'n keuse nie, maar 'n geskenk van God. Hierdie vers is nie 'n blote wens nie. Dit is 'n belofte – 'n belofte dat indien ons in Hom glo, ons lewens gevul kan word met 'n oorfloed van vreugde, vrede en hoop.

Moederskap is 'n pad gevul met onsekerhede en uitdagings, oomblikke van ongekende vreugde en tye van oorweldigende verantwoordelikhede. Tydens hierdie op- en afdraandes word ons hoop in Jesus 'n anker wat ons bestendig en staande hou. Dit is daardie stille vertrou dat ons kan wéét dat God in beheer is, maak nie saak hoe vandag lyk nie en dat Hy alles vir ons beswil laat meewerk. Ons kan seker wees dat diegene wat in Jesus as Verlosser en Saligmaker glo, eendag, vir ewig, by Hom sal wees. Dit is ons uiterste hoop.

Die hoop wat ons in Christus het, is nie 'n passiewe hoop nie, maar 'n aktiewe hoop. Dit is om na elke dag deur die bril van God se beloftes te kyk en te vertrou dat Hy by ons is; dat Hy ons sal lei en ons sal bemagtig deur sy Gees. Selfs ten midde van beproewinge en moegheid, stel hierdie hoop ons in staat om elke dag tegemoet te gaan met 'n hart vol vreugde en vrede.

Laat ons dan aan hierdie hoop vashou, terwyl ons die hoogte- en laagtepunte van moederskap deurkruis. Kom ons laat toe dat die Heilige Gees ons vul met hierdie onwrikbare vreugde en vrede, sodat ons hierdie hoop kan deel en God se liefde na ons geliefdes kan uitstraal.

GEBED

Liewe Jesus, vul my hart met u vreugde en vrede terwyl ek op U vertrou. Help my om 'n lewe van hoop te leef, geanker in u beloftes, sodat ek 'n bron van bemoediging en krag vir my familie kan wees. Help my elke dag deur die krag van U Heilige Gees. Amen.

VRAAG

Wat is praktiese maniere waarop jy 'n gees van hoop in jou daaglikse lewe as 'n ma kan kweek, wat God se vreugde en vrede aan diegene rondom jou weerspieël?

LEES

Week 6 • Vrydag

Matteus 22:34-40

Toe die Fariseërs hoor dat Jesus die Sadduseërs die mond gesnoer het, het hulle bymekaargekom, 35 en een van hulle, 'n wetgeleerde, het Hom met 'n vraag probeer vastrek. 36 "Meneer," vra hy, "wat is die grootste gebod in die wet?"

37 Jesus antwoord hom: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel' en met jou hele verstand. 38 Dit is die grootste en die eerste gebod. 39 En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.' 40 In hierdie twee gebooe is die hele wet en die profete saamgevat."

Kolossense 3:12-14

Julle is die uitverkore volk van God wat Hy baie liefhet. Daarom moet julle meelewend, goedgesind, nederig, sagmoedig en verdraagsaam wees. 13 Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe. 14 Bo dit alles moet julle mekaar liefhê. Dit is die band wat julle tot volmaakte eenheid saambind.

D A G S T U K K I E

Week 6 • Vrydag

S O A P

Matteus 22:37

Jesus antwoord hom: “Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand.”

O O R D E N K I N G

Liewe vriendin, ons is geroep om God lief te hê met ons hele hart, siel en verstand – kortom, met ons hele lewe! Verder is ons ook geroep om ons naaste lief te hê soos onself – en dit sluit ons huweliksmaat en kinders in. Ons is geroep om hulle lief te hê met ‘n liefde wat geduldig en barmhartig is; wat alles verdra en alles hoop. Hierdie liefde verander ons daaglikse take in dade van aanbidding tot God en onbaatsugtige diens aan ons geliefdes.

Terwyl ons die vreugdes en uitdagings van moederskap navigeer, laat ons onthou dat God ons die vermoë skenk om ons kinders innig en onvoorwaardelik lief te hê. Hy vul ons met sy liefde sodat ons ’n bron van daardie liefde vir ons huisgesinne kan wees.

Wanneer ons elke dag ingaan met ‘n hart wat daartoe verbind is om God ten volle lief te hê, verander dit ons hele dag en uiteindelik die manier waarop ons ons lewens leef. Wanneer ons kies om God lief te hê met ons hele hart, siel en verstand, kan sy liefde nie anders as om die lewens van ons kinders te oor vloei nie; wat hulle beïnvloed en ‘n atmosfeer van warmte, aanvaarding en genade in ons huise skep. Wanneer ons God liefhet, sal ons ons kinders ook liefhê, wat dit weer vir hulle baie makliker sal maak om God self lief te hê.

G E B E D

Liewe Jesus, dankie vir die ongelooflike voorreg om ‘n mamma te wees. Help my om U lief te hê met my hele hart, siel en verstand. Laat daardie liefde oorspoel in die lewens van my kinders. Leer my om u liefde in elke aspek van my moederskap te weerspieël. In Jesus se name, Amen.

V R A A G

Hoe kan jy vandag doelbewus God se liefde aan jou kinders wys; wat die liefde weerspieël wat Hy jou genadiglik bewys het?

O O R D E N K I N G

Week 6

1. *Hoe kan jy God se genade in jou daaglikse interaksies met jou gesin demonstreer, en so hulle help om sy liefdevolle genade te verstaan en met ope arms aan te neem?*

.....
.....
.....

2. *In watter areas van jou lewe kan jy vandag oorgawe beoefen, met die vertroue dat God se wil volmaak is, en sy planne vir jou goed is?*

.....
.....
.....

3. *Hoe kan jy vandag God se krag in jou lewe demonstreer, veral in oomblikke wat deursettingsvermoë en geloof vereis?*

.....
.....
.....

4. *Wat is praktiese maniere waarop jy 'n gees van hoop in jou daaglikse lewe as 'n ma kan kweek, wat God se vreugde en vrede aan diegene rondom jou weerspieël?*

.....
.....
.....

5. *Hoe kan jy vandag doelbewus God se liefde aan jou kinders wys, wat die liefde weerspieël wat Hy genadiglik aan jou bewys het?*

.....
.....
.....



Gluit By Ous Aan

AANLYN

lovegodgreatly.com
lovegodgreatly.com/afrikaans

JOERNALE

lovegodgreatly.com/store

FACEBOOK

lovegodgreatly
lovegodgreatlyafrikaans

INSTAGRAM

@lovegodgreatlyofficial
@lovegodgreatlyafrikaans

APP

Love God Greatly

.....

KONTAK ONS

info@lovegodgreatly.com
lovegodgreatlyafrikaans@gmail.
com

SKAKEL BY ONS IN

#LoveGodGreatly
#LoveGodGreatlyAfrikaans

VIR JOU

Wat ons bied

Meer as 40 Vertalings
Bybelleesplanne
Aanlyn Bybelstudie
Love God Greatly Toepassing
Meer as 200 Lande Bedien
Bybelstudie Joernale
Gemeenskapsgroepe
Love God Greatly Bybel
Love God Greatly Bybel vir Jong Vroue
Spaanse Love God Greatly Bybel

Elke studie sluit in

Drie Blogplasinge per Week
Daaglikse Dagstukkies
Volle Skrifgedeeltes
Weeklikse Memoriseerverse
Weeklikse Uitdagings
Weeklikse Oordenkingsvrae

Ander studies

| | | |
|---------------------------------|--------------------------------|---------------------------|
| Die Beloofde Messias | Verlos van Skaamte | 1 & 2 Tessalonisense |
| Wapenrusting van God | Ewige Verbond | Jakobus |
| Van Gebroke na Herstel | Jesus, Ons Alles | Sy Naam Is... |
| Blywende Hoop | Ken die Liefde | Filippense |
| Nie Gemaak Om Alleen Te Wees | In Sy Krag: Gister en Vandag | 1 & 2 Timoteus |
| Nie | Vrees en Angs | Toegewy |
| Hy Sien, Hy Ken, Hy Gee Om | Opgestaan | Rut |
| Die God Wat Herstel | Nader tot God | Gebroke en Verlos |
| Kom, Here Jesus, Kom | Saligsprekinge | Wandel in Wysheid |
| Kies God, Nie Die Wêreld Nie | Ester | God Met Ons |
| Volkome Oorgawe | Woorde Maak Saak | Jy is Vergewe |
| Vertrou God Te Midde Van | Wandel in Oorwinning | Dawid |
| Lyding | Laat Reg Geskied, Bewys Liefde | Prediker |
| Ons Sekuriteit Vir Die Ewigheid | En Trou, Lewe Bedagsaam Voor | Name van God |
| Die Belangrikheid van Gebed | Jou God | Galasiërs |
| Die Grootste Geskenk | Getroue Liefde | Psalm 119 |
| Geloof Bo Perfeksie | Wees Dapper | 1 & 2 Petrus |
| In Jesus Is Jy... | Verlosser | Gemaak vir Verhoudings |
| Vriendskap | Beloftes van God | Die Pad na Kersfees |
| In Die Begin | Liefde Sonder Vooroordeel | Die Bron van Dankbaarheid |
| Die Evangelie van Markus | Waarheid Oorwin | Jy is Geliefd |